

# Beleggingsplan vir jong mense

Spaar van die eerste keer wat jy salaris kry, om rykdom te skep

Nico van  
Gijsen



Raad met jou rande

**K**om ons praat oor beleggings. Maar vir jong mense. Hoeveel? Wanneer? Waar? Die probleem wat ek gereeld sien, is dat ouer mense baie keer te min geld het vir aftrede. En die rede is voor die hand liggend. Hulle het nie genoeg gespaar toe hulle jonger was nie.

So kom ons kyk of ons iets positiefs kan doen vir die volgende geslag.

Maar dit gaan nie net oor aftrede nie. Die kere dat ek jong mense hoor praat van aftrede, is min. Bitterlik min. Dis mos eers hier by 40 jaar oud dat mense begin dink aan spaar vir aftrede. En eers hier anderkant 50 jaar dat hulle begin bewerig raak oor hulle nie genoeg geld gaan hê nie.

So, kom ons gesels liewer oor welvaart skep. Nie aftrede nie. Dit is te ver in die toekoms.

Hoe skep jy welvaart?

Deur hard te werk en geld te verdien. En dan, deur 'n groot deel van daardie geld te spaar.

Jy skep nie welvaart deur jou geld te bestee aan klere, horlosies, karre, of wat ook al dit is waarmee mense mekaar probeer beïndruk nie.

Jy skep welvaart deur jou geld vir jou te laat werk. En dit begin by spaar. Dit begin by daardie eerste paar rand wat jy wegsit.

## Tyd maak ryk

Hoe vroeër in jou lewe jy daarmee begin hoe beter. Tyd maak ryk. Maak dit jou leuse.

Hoeveel?

Dit sou maklik wees om te sê soveel jy kan. Maar dit is onprakties. En ek hoor baie mense sê hulle kan nie. Dan het hulle 'n verskoning. Nie 'n rede nie. Daar is 'n verskil tussen 'n verskoning en 'n rede.

Ek dink 'n goeie begin vir enigeen is om 20% van jou salaris per maand te spaar. Meer as jy regtig 'n stokperdjie wil maak van ryk word, maar ek dink 20% is redelik. 'n Mens is tog net een keer jonk.

As jy by 'n goeie maatskappy in diens is, sal jy waarskynlik lid wees van 'n



## Só werk belasting op spaargeld

Belasting, net soos inflasie, het 'n invloed op jou spaargeld.

Pasop net dat jy nie toelaat dat die belastingstert die beleggingshand begin swaai nie. Hier is 'n paar feite betreffende belasting:

### Uittree-annuïteite en pensioenfonds

■ Jy kan tot 27,5% (of R350 000) van jou inkomste per jaar spaar in 'n pensioentipe produk en die bedrag aftrek vir belasting.

■ Jy bespaar so belasting teen jou marginale koers. 'n Pasella van die tesourie.

■ By aftrede word jou toegelate kontantbedrag teen 'n vriendelike skaal belas met tot R550 000 waarop geen belasting gehef word nie.

■ Jou pensioen wat jy maandeliks kry ná aftrede is belasbaar teen die heersende inkomstebelastingskaal.

werkgewer-pensioenfonds. Die bydraes tot so 'n fonds is gewoonlik aan die orde van 15%. Hiervan word gewoonlik die helfte deur die werkgewer finansier, dus 7,5% van die salaris.

Maar dit is jou geld. Dit is 'n byvoordeel wat in ag geneem word vir inkomstebelasting. Omdat dit in 'n pensioenfonds gespaar word, is dit aftrekbaar vir belasting. Die punt is, dit is nie 'n pasella deur jou werkgewer nie, dis 'n voordeel - en as sodanig deel van jou inkomste.

Dit is hierdie geld wat eendag ná jou aftrede moet voorsien. Die groei in hierdie belegging tot dan is vry van belasting.

My voorgestelde spaarbedrag van 20% vra dus net 'n verdere 5% van jou salaris wat jy moet spaar om vir jou rykdom te skep.

### Diskresionêre geld

■ Enige ander belegging spaar jy met na-belaste geld.

■ Die groei in die belegging is egter belasbaar (tot 45% op huur- en rente en tot 18% kapitaalwinstbelasting).

■ Maar daar is rentevrystellings en kapitaalwinstbelasting-uitsluitings wat wel die belastingpyn kan help vertig.

■ Onttrekkings vir inkomste uit so 'n belegging is nie belasbaar nie.

### Polis-spaarprodukte

■ In 'n polis spaar jy ook met na-belaste geld.

■ Die opbrengs in 'n polis (anders as in 'n belastingvrye spaarprodukt) is belasbaar (30% op inkomste en 12% aan kapitaalwinstbelasting).

Neem gerus die belasting in ag wanneer jy geld spaar.

Op 'n salaris van R20 000 is dit R1 000 per maand. Dis al.

Kom ons speel 'n bietjie met die syfers. As jou salaris jaarliks groei met 5% en jy werk, sê maar 40 jaar (25 jaar, tot 65 jaar oud) en jou pensioen-spaargeld van R3 000 per maand (15% van jou salaris) groei met 10% per jaar, sal jy by aftrede R30 277 163 beskikbaar hê vir 'n pensioen.

Goed, nou spaar jy daardie ekstra R1 000 per maand (die ander 5% om die 20% vol te maak), gaan dit nie lê en wag tot jy 65 jaar oud is, in ander woorde tot jy wil aftrede nie, jy het toegang hiertoe enige tyd.

Onthou net die leuse: Tyd maak ryk.

As jy R1 000 per maand spaar teen dieselfde opbrengs- en groei koers as hierbo, sal jy oor vyf jaar R88 239 op

belegging hê. Oor tien jaar sal dit R254 739 wees. Oor 15 jaar R554 020. Oor 20 jaar R1 075 740. Ensovoorts.

Ek het doelbewus 'n paar voorbeeld-berekeninge gedoen.

### Wat sien ons in die berekeninge?

Ons sien dat jou geld byna verdubbel elke vyf jaar of so. Die boodskap?

Dit is die werking van tyd op jou geld. Vergeet van tydskerekening en om die mark te speel. Dit is tyd in die mark wat saak maak.

As jy dit kan regkry met net R1 000 per maand, wat elke jaar met 5% groei soos wat jou salaris groei, dink hoe ryk kan jy wees as jy regtig wil.

Hierdie geld is natuurlik, anders as die bydrae tot jou werkgewer se pensioenfonds, likied en kan te enige tyd aangewend word vir uitgawes waarvoor jy nie voorsiening gemaak het nie. Soms kom spook 'n ding mos maar by 'n mens.

Maar dit sal beter wees om sê maar die R1 000 per maand in ons voorbeeld, of dan liewer die 5% van jou salaris, te spaar vir die langtermyn. Om rykdom te bou. Selfs, as jy gelukkig is en die dissipline het om vas te byt, om by aftrede jou inkomste aan te vul.

Dit kan 'n belastingvrye inkomste bied, omdat jy belasting op die groei betaal het terwyl jy gespaar het. Dit teenoor die pensioenfonds wat belastingvry gegroei het, maar waar jou pensioen ná aftrede belasbaar is.

Ons verskil almal. Ons vermoëns verskil.

En daarom meen ek dit sal sin maak om sommer van jou eerste salaris af 'n kundige finansiële beplanner aan jou kant te kry.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com)

Nog  
raad